

Donderdag 29 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 3:6-12

Fokusgedeelte: Maleagi 3:7

Keer terug na die Here, en Hy sal na jou terugkeer!

Dit gebeur soms dat gelowiges van die Here af weg dwaal. Besige skedules, voorspoed, skewe prioriteite, beproewing en swaarkry kan maak dat ons geleidelik verslap in die geloof, en later heeltemal weg dwaal.

Dit is 'n eeue-oue probleem wat die Here dwarsdeur die Bybel aanspreek. In Maleagi 3:6-12 kla die Here sy volk daarvan aan dat hulle nie meer soos sy volk lewe nie. Hulle was nie meer aan Hom gehoorsaam met hulle hele hart nie, soos hulle gebrek om hulle volle tiendes aan Hom te bring, gewys het.

Daarom beveel die Here hulle: *Keer terug na My! Draai terug! Bekeer!* Hierby voeg Hy die belofte: *dan sal Ek terugkeer na julle* (Mal. 3:7). Hierdie woorde is nie "Kies My, dan sal Ek julle kies" nie. Die Here wat hier praat, het eeue gelede reeds vir Israel as sy volk gekies. Maar die verhouding het van die volk se kant verbroekel. Hulle het die verbond verbreek. Daarom bring die Here hulle voor die keuse: Gaan julle My dien of nie? (Sien ook Deut. 30:19; Jos. 24:15.)

Het jy miskien van die Here af weggedwaal? Het jy van Hom af weggedwaal wat jou geskep het, wat daagliks vir jou sorg, wat sy Seun vir jou gegee het, wie se Gees in jou werk, wat met jou op pad is na die voleinding van alle dinge by Christus se wederkoms? Ondersoek jou lewe. Indien dit die geval is, hoor die opdrag van die Here: *Keer terug! Draai terug! Bekeer tot die Here!* Dan sal die Here na jou terugkeer.

Hiervan kan ons seker wees, want die Here verander nie (Mal. 3:6). Hy is ons genadig en barmhartig deur sy Seun. Mag ons Hom met ons hele lewe eer.

Sing: Skrifberyming 15-2 (38):1-3

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)